# Hoofstuk 27

KERKGEES EN LIEFDESGEES (14.05.1840} HIM1.019

**(VERVOLG)** 09] Daarteenoor word ander "dissipels" vererg, as hulle hoor van My "vlees en bloed". Hulle glo wat hulle wil, versadig hulleself met die krummels wat van hul meesters se tafels val (dit is My gebreekte woord) en wil in hulle hoogmoedige waansin wys dat Ek glad nie is nie; en as daar nog iets van My oorgebly het, dán kan Ek eers iets wees, nadat hulle so neerhalend was, en My in hul "idee" opgeneem het. Voorwaar, Ek sê: As enige sekte in die volle besit van My woord nie tot 'n beter idee van My kan raak, as slegs een gebaseer op My totale vernietiging nie, dan verkies Ek selfs die Turke, in hulle eerlike en ernstige blindheid, omdat hulle My steeds as iets hoër aansien as hulle afgod Mohammed. En eerlikwaar, liewer die Roomse, waar mense aan My nog steeds as Elohim en Meester ten minste 'n uiterlike, sigbare offerande bring, wat vir baie 'n lewende gedenkmaal van My Verlossing is.

10] Jy sien, so is dit met Rome! Ek het geen welgevalle in die Vatikaan of in die St Peter's kerk nie. En Ek sou veel liewer 'n huis vir armes in hulle plek wou gehad het. **Rome is 'n stad wat hoerery bedryf met die konings van die wêreld**. Sy is 'n hoer en lewe soos 'n hoer. Sy versier haar koddige gesig en trek mooi klere aan vir haar half-verspilde liggaam om haarself as 'n maagd voor te doen. Jy sien, dit alles en 'n duisend ander dinge is aan My goed bekend. Maar sê julle nie self: 'n Hoer voed dikwels haar kinders beter op as 'n trotse moeder wat dink sy het al My wysheid met 'n lepel geëet! Dus sê Ek ook: hierdie hoer het reeds baie goeie kinders grootgemaak en het sodoende My voete gesalf. Daarom sal Ek haar help en na haar kyk, sodat sy haarself kan bekeer; want sy het baie gesondig, maar ook baie liefde gegee.

11] Maar Ek sê vir julle, wat gebore en gedoop is in haar, **moet dus nie haar vernietiging begeer nie, maar eerder genesing**. Ek gee aan julle die Balsem en herstel die Erfsonde in julle. Sou julle nou volgens die voorgeskrewe reëls lewe, sal die kerk julle respekteer. En as sy wonderwerke in haar ervaar, sal sy self na die Balsem smag en sal baie van haar wonde in stilte genees word. Maar as jy afdwaal, sal daar min seëning vir jou broers wees.

12] Lewe, soos Ek julle gewys het, dan sal My besoeking julle nooit tref nie! Want Ek sal julle beskerm, en My werke sal ongehinderd uit die daglig tevoorskyn kom, soos 'n groot magneet, wat alles na hom toe sal aantrek. Maar julle hoef hom nie te verswak deur jul ongehoorsaamheid en deur twyfel nie.

13] So sê jy dan: hoe kan daar 'n nege-en-neëntig-voudige seëning daarin wees? Dan sê Ek, die engele in die hemel sal nege-en-neëntig maal meer juig vir een berouvolle sondaar, as vir nét soveel regverdiges wat dink dat hulle geregverdig is deur My volledige Woord. Want Ek sê dit waarlik: Luther, Calvyn, Melanchthon en nog vele andere weeg nie meer as 'n Johannes van die kruis, nóg 'n Johannes van God, nóg 'n Francis, nóg Thomas van Kempen, nóg 'n Taulerus, nóg 'n Theresa en nog vele duisende ander. Want in hulle geloof het die begryplike, dogmatiese **geregtigheid van geloof** geheers voor die **Godsvrug en Liefde** van die groot mistici en liefdeshelde. Vergelyk byvoorbeeld Luther se dogmatiese nagmaal-geskil met Zwingli in Marburg! Sy standpunt oor die brief van Jakobus (Jak. 02, 14)! Die verhouding tussen dogmatiese geloofsleer en liefde in sy Kategismus!}

***Jakobus 2:14*** *WAT baat dit, my broers, as iemand sê dat hy die **Geloof** het, maar hy het nie die **werke** nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?*

14] Ja, die mees vooraanstaande Protestante (van die beste Heiliges van die Katolieke Kerk) het nog baie om te leer! Selfs Swedenborg het baie dinge in Rome ervaar wat hom eers gehelp het om die deur na die innerlike lewe baie betekenisvol oop te maak; want hy was een wat geweet het hoe om by die kern van alles uit te kom en kon daadwerklik voordeel daaruit haal.

15] Kyk, daarom gaan die Wyse na die ou rommel-kamer en vind dikwels groot skatte, bedek onder die stof van die seremonies. Hy vee die stof weg en plaas die suiwer goud in sy skatkamer. Doen jy dieselfde! - Want daar staan geskrywe, *"Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie; want aan sulkes behoort die Koninkryk van die hemele!"* En wie nie soos hulle word nie, sal nie gou in My Koninkryk kom nie, totdat hy word soos hulle, wat nie daaraan dink nie, maar in eenvoud die woord van die ouers glo en daarvolgens leef; en selfs wanneer hulle deur My Genade hulle ouers ontgroei het, steeds hulle woord eer, al is dit nie nodig nie.

16] Noag het fouteer, omdat hy dronk was; maar hy vervloek die seun, omdat hy gelag het. En die twee wat, uit liefde, sy naaktheid bedek het, het hy geseën. **Doen dieselfde, as jy nege-en-negentig keer geseën wil word!** So spreek Ek, die ewige Liefde en Wysheid, Amein, Amein, Amein.